Predikante Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Gewaarborgde Lewensannuïteit

Produkaanbod

Die fonds het Sanlam Korporatief aangestel om ‘n gewaarborgde annuïteit as deel van die fonds se annuïteitstrategie te verskaf. Die gewaarborgde annuïteit bied ‘n lewenslange inkomste en word deur Sanlam onderskryf.

Die produkopsies is soos volg:

- **Gelykblywende Annuïteite** verskaf ‘n gewaarborgde lewenslange maandelikse pensioen sonder enige jaarlikse verhogings.
- **Gewaarborgde Eskalasie-annuïteite** verskaf ‘n gewaarborgde lewenslange maandelikse pensioen met vaste jaarlikse verhogings van 3%, 5% of 6%.
- **Inflasiegekoppelde Annuïteite** verskaf ‘n gewaarborgde lewenslange maandelikse pensioen met jaarlikse verhogings gelykstaande aan die styging in die Verbruikersprysindeks (VPI). Sanlam waarborg dat pensioene nie van een jaar tot die volgende sal verminder nie, selfs al is die verandering in die jaar-tot-jaar-VPI negatief. Die Verbruikersprysindeks word deur Statistiek Suid-Afrika vrygestel en in Statistiese vrystelling P0141 word daarna verwys as “VPI - Alle Stedelike Gebiede”.
- **Sanlam Winsdelende Annuïteite** verskaf ‘n gewaarborgde lewenslange maandelikse pensioen. Die verhogings word gekoppel aan uitgestrykte markprestasie oor 6 jaar, verminder met die produkaftrekking van 1,5% en die aankoopkoers van 2% of 4%. ‘n Geringe aanpassing vir die impak van lewensverwagtinge kan op die verhoging toegepas word. ‘n Minimum verhoging van nul word gewaarborg, selfs al lewer finansiële markte oor hierdie tydperk ‘n negatiewe opbrengs. ‘n Hoër aankoopkoers beteken ‘n hoër aanvangspensioen, maar laer jaarlikse verhogings en omgekeerd.

Die kenmerke van die annuïteit is die volgende:

- Die annuïtant ontvang pensioen wat maandeliks agterna betaal word. Indien die betaaldag gedurende ‘n naweek of op ‘n openbare vakansiedag val, is die pensioen betaalbaar op die dag wat die naweek of openbare vakansiedag voorafgaan. Wanneer die annuïtant te sterwe kom, is die volle pensioen in die sterftemaand betaalbaar.
- Die pensioen word jaarliks in Maart verhoog.

- Die pensioen is óf ‘n Enkellewe- óf ‘n Gesamentlikelewe pensioen.
    - Indien die annuïtant ongetroud is, is ‘n enkellewe pensioen lewenslank betaalbaar.
    - Indien die annuïtant getroud is, ontvang hy/sy ‘n gesamentlikelewe pensioen. Dié pensioen is lewenslank betaalbaar en indien hy/sy te sterwe kom, sal ‘n verminderde pensioen lewenslank aan hom/haar gade betaalbaar wees. Die annuïtant kan ‘n gadepensioen van 50% of 75% van die pensioen kies.
- Die opsie van ‘n gewaarborgde termyn van nul, 5, 10, 15 of 20 jaar is beskikbaar. Indien dié opsie gekies word, beteken dit dat daar gewaarborg word dat die volle pensioen ten opsigte van die hooflid vir die gekose termyn vanaf sy/haar aftreedatum betaalbaar is.

  Indien die hooflid binne die gekose termyn sterf, sal sy/haar volle pensioen dus vir die res van die termyn aan sy/haar gade, benoemde begunstigde of boedel (afhangende van die omstandighede) betaal word.

  In die geval van ‘n gesamentlikelewe pensioen, sal die gekose gadepensioen (50% of 75% van die pensioen) by verstryking van die gewaarborgde termyn van toepassing wees.
- Die annuïtant het ‘n opsie van ‘n dertiende betaling betaalbaar in November.
- Die annuïtant het ook ‘n opsie van ‘n sterftevoordeel van tot 24 keer van die maandelikse pensioen.

Versoek ‘n kwotasie

Indien die annuïtant die opsie van ‘n lewensannuïteit wil uitoefen en meer inligting verlang, stuur asseblief ‘n e-pos met die volgende inligting na AnnuitySupport@sanlam.co.za sodat ‘n kwotasie verskaf kan word:

- Volle naam en van
- RSA ID-nommer
- Geslag
- Aftreedatum
- Aftreewaarde (Dit is die bedrag wat uit die fonds beskikbaar is vir die aankoop van die annuïteit.)

Indien die annuïtant ‘n gesamentlikelewe pensioen gekies het, verskaf ook die volgende inligting:

- Gade se volle naam en van
- Gade se RSA ID-nommer
- Gade se geslag

Sodra die annuïtant die kwotasie aanvaar, kan hy/sy gerus wees dat Sanlam se prosesse en stelsels ‘n gladde implementeringsproses sal verseker.

Meer inligting

Die annuïtant kan Individuele Lidondersteuning by 0800 247 248 skakel vir enige vrae of indien hulp verlang word.

Sanlam Lewensversekering Bpk is ‘n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste. Die dokument is slegs ter inligting en is nie bedoel as rekeningkundige, belasting-, beleggings-, regs- of ander professionele advies of dienste nie. Uitvoering moet nie aan hierdie inligting gegee word voordat geskikte professionele advies nie eers verkry is nie. U gebruik hierdie dokument en die inligting daarin vervat op eie risiko en nóg Sanlam nóg enige van sy filiale is verantwoordelik of aanspreeklik vir enige verlies, skade (regstreeks of onregstreeks) of onkoste van enige aard, hoe dit ook al mag ontstaan nie.